

Nuwe registrateur wil verseker almal steun NGV (NHI)

16 September 2016

Hy gaan die medieseskemabedryf begelei na die aanvaarding van die beoogde Nasionale Gesondheidsversekering (NGV).

So sê dr. Humphrey Zokufa, nuwe registrateur van mediese skemas. Zokufa sê hy is verlede Woensdag in kennis gestel van sy aanstelling.

Zokufa is 'n ou bekende in die bedryf omdat hy reeds die afgelope dekade die besturende direkteur is van die Raad van Gesondheidsfinansiers, 'n bedryfsliggaam vir mediese skemas.

Hy is ook bekend om sy sterk ondersteuning van die regering en die departement van gesondheid se omstrede plan oor NGV.

“Dit is duidelik dat dinge nie goed gaan in die private sektor nie, daar is geen twyfel daaroor nie. En daarom betwyfel ek die doelwitte van sekere groepe en mense in Suid-Afrika wat teen NGV gekant is.”

Hy sê die volhoubaarheid van mediese skemas is twyfelagtig.

“Soos jy weet, is mense nie gelukkig met mediese skemas nie. En die bevolking wat bydra tot die poel van mediese skemas raak nie meer nie, dit is staties en word ouer, en soos dit ouer word, word dit sieker.”

Aan die ander kant neem bydraes tot mediese skemas elke jaar met meer as inflasie toe.

“Die huidige stelsel is nie regverdigbaar nie.”

Die regering is verplig om in te gryp ingevolge die Grondwet om gesondheidsorg vir almal toeganklik te maak.

Een manier om dit te doen, is om gesondheidsorgfinansiering saam te gooi.

'n Probleem met die gesondheidsbedryf is dat die finansiering gefragmenteerd is – in die staatsektor gaan R170 miljard van die tesourie vir gesondheid na die nege provinsies en nasionaal. “Dit is nie in een mandjie saamgegooi nie en is gefragmenteerd.”

In die private sektor word R140 miljard ingesamel vir private gesondheidsorg en dit word in 82 mediese skemas verdeel. “Dit verwater die sterk posisie wat ons andersins sou hê om gesondheidsdienste aan te koop en met verskaffers van gesondheidsorg te skakel om bekostigbare dienste te kry.”

NGV gaan al die beskikbare finansiering saam in 'n poel gooi en dit gebruik om gesondheidsdienste vir almal aan te koop.

“Duidelik het die reguleerder en die Raad op Mediese Skemas 'n baie belangrike rol om te speel om mense te oortuig van die rigting wat die regering inslaan en toe te sien dat dit gewone Suid-Afrikaners – vir jou en my – bevoordeel.”

Hy sien sy rol hoofsaaklik om “die bedryf in dié rigting te stuur”.

Gewone Suid-Afrikaners verstaan nie hoe NGV gaan werk nie. “Dit gaan nie daarvoor om mense toegang tot gesondheidsorg te weier nie. Dit is beslis ook nie daarop gemik om dit duurder te maak nie.”

Die bedryf “het 'n integrerende rol in die skep en bestuur van NGV te speel”.

Dit is nie nodig om administrateurs, mediese skemas en gesondheidsorgbestuurders te verdring nie.

“Ons moet fokus op hoe die huidige kundigheid in mediese skemas en administrasie gebruik kan word om 'n NGV te skep.”

As almal hul gewig agter NGV ingooi, sal dit vinniger geskep kan word as die 14 jaar wat in die vooruitsig gestel word.

Intussen beloof hy om te kyk na hoekom premies so skerp styg en hoekom lede se voordele voor die einde van die jaar uitgeput is.

Deur Nellie Brand-Jonker, Volksblad